Document:/AfrikaansSentraalPrint/Rapport/PubDates/2017-09-10/News/RH012.pgl Rapport/RH ... 9/10/2017
Author:johan.eybers Date:9/12/2017 2:07:19 PM






Die Eagle Creek-veldbrand is sigbaar agter gholfspelers op die Beacon Rock-gholfbaan in North Bonneville, Washington, vroeër die week. 'n Tienerseun wat vuurwerk geskiet het, het die reuse-veldbrand veroorsaak. | FOTO: REUTERS

# Ondersteun Afrikaanse studente só

Baie artikels oor die bewaring en voortbestaan van Afrikaans is die afgelope tyd gepubliseer. Talle Afrikaanssprekendes se liefde vir Afrikaans motiveer hulle om by gesprekke (en optredes) betrokke te raak. Maar hoe kan 'n individu, trust of maatskappy wat wil bydra tot die voortbestaan van Afrikaans betrokke raak?

Die Rapport Onderwysfonds (ROF) is 'n openbare weldaadsorganisasie kragtens artikel 30 van die Inkomstebelastingwet wat landwyd finansiële hulp aan jong studente verleen wat verder wil studeer om hulle as onderwysers te bekwaam, in die vorm van leningsbeurse.

'n Gedeelte van die rentedraende lening kan jaarliks op grond van die akademiese uitslae in 'n beurs omskep word. Dit motiveer die student om beter resultate te behaal sodat 'n kleiner skuldbedrag aan die einde van sy of haar studietermyn terugbetaalbaar is. Die terugbetaling aan die ROF deur studente aan die einde van hul studiejare verseker dat die geld in omloop bly om nuwe leningsbeurse beskikbaar te stel.

Die ROF benodig donateurs sodat meer Afrikaanssprekende onderwysstudente gehelp kan word. U kan só betrokke raak:

**Bemaking:** Artikel 4(h) van die Boedelbelastingwet maak voorsiening daarvoor dat enige erflating wat aan 'n openbare weldaadsorganisasie (soos omskryf in die Inkomstebelastingwet) bemaak is, van die netto waarde van u boedel aftrekbaar is voordat boedelbelasting bepaal word. U is ook geregtig om 'n jaarlikse skenking van R100 000 te maak sonder dat u skenkingsbelasting moet betaal.

**Borg 'n student:** Indien 'n individu, maatskappy, trust of organisasie 'n skenking maak aan die ROF gelykstaande aan of van meer as die beursbedrag, word 'n student toegewys aan die donateur. Halfjaarlikse terugvoer word gegee oor die student se vordering.

**Debietorder:** 'n Maandelikse debietorder kan voltooi word. Ad hoc-skenkings: Die ROF is bevoorreg om maandeliks ad hoc-skenkings te ontvang van individue. 'n Groot dankie aan die onderstaande donateurs wat weer 'n skenking gemaak het!

Finansiële bydraes tot die ROF kan 'n belastingvoordeel inhou. Aangesien die ROF 'n goedgekeurde organisasie is kragtens artikel 18A(1)(b) van die Inkomstebelastingwet, kan die donasies van u belasbare inkomste afgetrek word, onderworpe aan sekere voorwaardes. (Die ROF se ouditeure is MVB, Pretoria.)

Rapport Onderwysfonds
Kennis in Afrikaans

**Hoe kan u betrokke raak?**

- Eenmalige skenking (tjeks word uitgemaak aan Die Rapport Onderwysfonds )
- Maandelikse debietorder
- Borg 'n student

073 122 8800 /
021 406 3699
www.rof.org.za
Faks 0866 7700 64

Die Rapport Onderwysfonds,
Absa,
Takkode 632 005
Reknr 405 864 6741

**Skenkings ontvang:**

SW de Beer R200
Dr. JP Terblanche R1 000
HJ Roelofse R600
JH van der Merwe R100
MM Ponder R60
Joan de Lange R200
HA Pretorius R200
T Grobler R1 000
Druppel R100
S Oberholzer R3 000
Kantar SA R2 000
Cafsa Gaya R800

# Nukke sit eetplekke op dun ys

## Gasvryheidsbedryf moet let op gelykheidshof se uitspraak

**Johan Eybers**

Restaurante, gastehuise, wynplase en ander sakeondernemings in die gasvryheidsbedryf moet eerder hul deure sluit as om te diskrimineer teen mense wie se regte in die Grondwet beskerm word.

So sê kenners in die gasvryheidsbedryf en regsgeleerdes nadat die gelykheidshof 'n bemiddelingsooreenkoms tussen Mia Agrela en 'n Gautengse restaurant wat haar weggewys het omdat sy gay is 'n bevel van die hof gemaak het.

Die Lake-restaurant in Brakpan het lig daarvan afgekom nadat hulle met Agrela ooreengekom het om 'n verskoning op hul Facebook-blad te plaas en sensitiwiteitsopleiding te ondergaan.

Dít nadat die restaurant vir Agrela laat weet het dat eengeslagpaartjies nie daar welkom is nie toe sy in November verlede jaar 'n bespreking vir haar en haar lewensmaat by die restaurant gemaak het op 'n aand wat uitsluitlik vir paartjies was.



Mia Agrela het 'n klag by die gelykheidshof ingedien.

Die eienaars het haar met regstappe gedreig nadat sy in sosiale media daaroor gekla het.

Sy het toe 'n klag van diskriminasie by die gelykheidshof aanhangig gemaak.

Tshego Phala, Agrela se regsverteenwoordiger van die prokureursfirma Webber Wentzel, sê haar kliënt wil nie kommentaar lewer nie. "Sy het die onsmaaklike voorval agter haar gelaat en wil nou aangaan met haar lewe.

"Die ooreenkoms is 'n oorwinning vir die gay gemeenskap. Dit wys dat instansies aanspreeklik gehou sal word wanneer hulle iemand uitsluit weens hul seksuele voorkeure," sê Phala.

Wendy Alberts, hoof van die Restaurantvereniging van Suid-Afrika (Rasa), sê dié en ander soortgelyke voorvalle wys dat daar steeds 'n wanindruk by sommige eienaars is dat hulle lede van die publiek lukraak kan wegwys. "Dit blyk dat baie eienaars onder 'n wanindruk is dat hulle onbillik teen mense kan diskrimineer omdat hul sakeondernemings op hul persoonlike eiendom bedryf word. Hulle is verder onder 'n wanindruk oor die betekenis van hul reg op toegang voor te behou," sê sy.

> **'Jy moet baie versigtig wees oor wie jy wegwys.'**
> StoryC Box_05

Volgens haar is dit wettig om iemand weg te wys wat besope is, aggressief optree, gaste teister of nie hul gedragskode nakom nie, maar dit is geheel en al onwettig om teen mense te diskrimineer wie se regte uitdruklik in die Grondwet beskerm word. "Goed soos hul gedragskode, tema-aande en private gesellighede behoort op 'n kennisgewing by hul ontvangsarea te staan sodat daar geen verwarring daaroor kan wees nie," sê Alberts.

Coenie Kukkuk, 'n menseregtekenner van Coenraad Kukkuk Prokureurs, stem saam. "Die gelykheidshof is geneig om baie swaarder boetes aan ondernemings as individue op te lê, wat uiteindelik klein ondernemings se ondergang kan beteken. Jy moet daarom baie versigtig wees oor wie jy wegwys en waarom jy dit doen."

Hy sê dit behoort voor die hand liggend te wees dat jy nie toegang tot jou perseel kan weier op grond van mense se velkleur, etnisiteit, geslag, seksuele oriëntasie of hul geloofsoortuiging nie.

" 'n Ouderdomsbeperking wat bloot daarop gegrond is dat kinders 'n oorlas vir jou gaste is, kan jou moontlik in die moeilikheid laat beland," sê Kukkuk.

'n Herrie het onlangs in Brittanje losgebars toe Bob Higginson (61) sy restaurant, The Chart Room, met 'n aankondiging geopen het dat honde en ouers welkom is, maar nie kinders jonger as 12 nie. Die Brixham-munisipaliteit het gesê hulle kan nie teen hom optree nie aangesien daar geen wetgewing bestaan wat hom verhoed om nie kinders te bedien nie, berig *Metro*.

UNIWORLD
BOUTIQUE RIVER CRUISE COLLECTION
CELEBRATING 40+ YEARS of EXCELLENCE

UNIWORLD "NOMMER ASB." LESERSKOMPETISIE

10 September

WEN 'n luukse ses-ster-bootreis in Parys & Normandië

- 7-nagte se bootreis vir 2 persone aan boord van die S.S. Joie de Vivre.
- Ingesluit: visakostes, retoervlugte in ekonomiese klas na Parys, lughawevervoer, alle etes en drinkgoed asook vermaak aan boord sowel as uitstappies.
- Waarde: R181 800

UNIWORLD
BOUTIQUE RIVER CRUISE COLLECTION





Vir jou wenkans SMS die sleutelwoord op die advertensie, jou unieke nommer (op jou speelkaart), jou naam en van, epos-adres asook waar jy woon na 34581.
SMS-lyn elke week oop van Sondag tot Woensdag om 12:00

Rapport

Sleutelwoord: UNIWORLD

Bepalings en voorwaardes:

Die kompetisie duur van 30 Julie – 10 September. | 'n SMS kos R1,50. | Gratis SMS'e geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word. | SMS die weeklikse sleutelwoord in *Rapport*, jou unieke speelkaartnommer, naam en van, epos-adres en waar jy woon na 34581. | Prys is nie oordraagbaar nie, en kan nie vir kontant verruil word nie. | Reis moet plaasvind tussen 1 Januarie - 31 Desember 2018. Reis tye tussen die volgende tye word uitgesluit: Mei 2019, Junie 2018, 1 September - 15 Oktober 2018. | Wenner en metgesel van die prys benodig geldige paspoorte. | Bewaar dié speelkaart, jy gaan dit weekliks van 30 Julie - 10 September nodig hê om deel te neem. | Deelnemers aan die kompetisie verleen met die gebruik van die SMS-inskrywings toestemming aan Media24 en medeborge aan die kompetisie om van tyd tot tyd sy produkte en/of dienste aan hulle te bemark. | Rapport behou die reg voor om hierdie terme en voorwaardes te enige tyd sonder kennisgewing aan te pas.
Vir volledige kompetisiereëls, bepalings en voorwaardes, besoek Rapport se Facebook-blad.